Sing vooraf staande: Skrifberyming 15-1:2, 4 (nuut)

2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.

4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde!

Amen.

Loflied: Psalm 146:1, 3, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.

3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

8 Dis die God der leërmagte, / troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte, / tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer, / prys sy grootheid, loof die HEER!

Gebed

Psalm 80:5, 7 (p. 407)

5 U, HEER, het ons in vroeër dae / geken, en in u welbehae
'n wynstok uit Egipteland / gebring, en self hier ingeplant;
U het die nasies uitgeroei, / en in hul plek u volk laat groei.

7 En nou, waar is sy pragverskyning? / Waarom verbreek U sy omheining?
Waarom gedenk U nie aan hom? / Die bosvark woel sy akker om;
'n ieder pluk en gaan verby, / en wilde diere kom daar wei.

Skriflesing: Jesaja 5:1-7; Johannes 15:1-17; Sondag 28:76

Kernverse: Johannes 15:4-5

Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:4-5 AFR1983)

Tema: Ware gelowiges het net een plek om te leef ... in Christus!

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend die heerlike voorreg gehad om nagmaal te kon vier. In ons selfondersoek op pad na die tafel van die Here het ons aan drie sake ernstig aandag geskenk, naamlik ons verootmoediging voor die Here oor ons sondes en sondigheid, ons vaste geloof in

die beloftes van God dat ons op grond van Christus se offer aan die kruis vergifnis van ons sondes ontvang, en ons opregte voorneme om met ons hele lewe dank aan God te bewys. Vir ons is nagmaal vier ŉ saak van groot erns, want ons weet hoe heilig die Here sy tafel ag.

Nou kan daar egter een van twee dinge binne-in ons gebeur. Ons kan weer so oorgeneem word deur ons daaglikse programme en roetines dat hierdie nagmaal ver agtertoe skuif in ons gedagtes, so ver terug dat ons van môre af al begin vergeet wat ons vanoggend gedoen het. As ons gaan toelaat dat ons daaglikse lewe dit doen aan ons nagmaalviering, moet ons nou al daarop bedag wees om te keer dat dit gebeur.

En ons kan keer dat dit gebeur, deur goed op te let na die geheimenis van nagmaal waaraan elkeen van ons deel gekry het tydens die nagmaalviering. Dit is eintlik ŉ tweeledige geheimenis wat uit die nagmaalsformulier sowel as uit ons kategismus na vore kom.

In Sondag 28, vraag en antwoord 76, bely ons wat dit beteken om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink. In die eerste plek beteken dit om met ŉ gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te ontvang. Hierdie eerste betekenis stem ooreen met die tweede hoofpunt van ons selfondersoek, naamlik dat ons die vaste beloftes van God glo dat al ons sondes op grond van die soenverdienste van Christus vergewe is en dat sy volkome geregtigheid ons toegereken en geskenk is.

By die tweede betekenis verdiep die geheimenis tot so ŉ mate dat ons eintlik in aanbiddende verwondering raak oor die groot genade wat die Here aan ons bewys. Luister hoe bely ons dit: Om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink, beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word, dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is; al is Christus nou in die hemel en ons op die aarde. Dit wil sê dat ons deur een Gees – soos ledemate van die liggaam deur een siel – ewig lewe en geregeer word. Hierdie tweede betekenis kom ooreen met die derde hoofpunt van ons selfondersoek. Op pad na die nagmaal het ons die opregte begeerte uitgespreek om met ons hele lewe dank aan God te bewys, opreg voor Hom te wandel en in ware liefde en eensgesindheid met ons naaste te lewe.

In vanaand se prediking wil ek graag hierdie tweede betekenis van nagmaal vier belig met die Here se openbaring in Johannes 15. Wanneer ons groter begrip vir hierdie tweede betekenis gekry het, sal dit vir ons onmoontlik word om te vergeet dat ons nagmaal gevier het. Inteendeel, dit sal ons eerder laat uitsien na die volgende nagmaal.

In Johannes 15 is Jesus steeds besig met sy afskeidspreek aan die dissipels in die nag voordat Hy verraai is. Hierdie afskeidswoorde het al in Johannes 13:31 begin en duur tot aan die einde van Johannes 16. Een kommentaar verdeel hierdie preek van Jesus in twee. In die eerste deel vertroos Jesus sy dissipels omdat hulle ontsteld was oor wat binnekort sou gebeur. Die tweede deel van die preek begin by Johannes 15:1 en konsentreer op die gedagte dat Jesus die dissipels uitstuur om

ook die Vader te verheerlik.

Hoor hoe begin Jesus hierdie deel:

Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. (Johannes 15:1)

Jesus sê nie dat Hy die *enigste* wingerdstok is nie, maar dat Hy die *ware* wingerdstok is. In Psalm 80, wat ons ook saamgesing het, bid Asaf vir Israel, die wingerdstok wat die Here uit Egipte uitgehaal het en in die beloofde land gaan plant het. In hierdie psalm hoor ons hoeveel sorg die Here aan hierdie wingerdstok van Hom bestee het. Hy het vir die wingerdstok plek gereed gemaak in die beloofde land. Die voorbereiding wat die Here gedoen het, was so goed dat die wingerdstok se wortels gegroei het en die land ingeneem het; sy skaduwees het die berge oordek en sy ranke het ver uitgestoot. Maar ondanks al die sorg wat die Here aan die wingerdstok bestee het, het die wingerdstok Hom diep teleurgestel. Die Here was so diep teleurgestel dat Hy die muur rondom die wingerdstok afgebreek het, sê Asaf. En die bitter nagevolg vir Israel was dat al wat leef en beef haar geplunder het.

In Jesaja 5:1-7 skryf Jesaja dat die Here self vir Israel sy wingerd noem. Asaf was hartseer omdat die Here die muur rondom sy wingerd afgebreek het. In Jesaja sê die Here hoekom Hy die muur afgebreek het. Israel het nie gedoen wat die Here van sy wingerd verwag het nie. In plaas van goeie druiwe voortbring, het die wingerd van die Here suur druiwe voortgebring.

Israel was dus die eerste wingerdstok van die Here, maar dit was ŉ wingerdstok wat die Here teleurgestel het. In plaas daarvan dat hulle die Here in hulle land verheerlik het met die goeie vrugte wat hulle moes dra, het hulle suur druiwe voortgebring. In plaas daarvan dat hulle ŉ lig vir die nasies was (Jes 49:6), het hulle net so verdof soos die nasies. Hulle was enersyds suinig met die lewewekkende evangelie van God (kyk maar wat het Jona gedoen), en andersyds het hulle net soos die heidennasies geleef. God het vir Israel uitgekies om ŉ seën vir al die nasies te wees (Gen 12:1-3). In plaas daarvan dat hulle die ander nasies met die Woord van die Here binnegedring het, het hulle hulle laat indring deur die afgodery van die heidene.

Geliefdes, Israel se afwyking van God se doel met hulle het sy hoogtepunt bereik toe hulle die Messias verwerp en gekruisig het en God se koningskap oor hulle verag het. Maar dit het nie God se plan met sy mense in die wiele gery nie. Jesus Christus is die ware wingerdstok wat kom doen het wat Israel nie wou doen nie. Israel is die wingerdstok wat homself deur sy eie ongehoorsaamheid vernietig het. Jesus is die ware wingerdstok wat deur sy volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader na hierdie wêreld toe gekom het om uiteindelik geoffer te word sodat God se doel met sy mense vervul kan word. En God se doel met sy mense is dat hulle sal vrugte dra. Hulle moet God so verheerlik met hulle lewe dat nog meer mense hulle heil en saligheid by die Here alleen sal kom soek.

Vir die Here se mense om aan die doel te voldoen, naamlik om vrugte te dra, moet daar iets met hulle gebeur. Daar moet ŉ baie hegte en intieme verbintenis kom tussen hulle en Jesus self. Jesus maak daardie verbintenis bekend wanneer Hy sê: **Ek is die wingerdstok, julle die lote.** Jesus is die ware wingerdstok en elke ware gelowige is ŉ loot wat in die ware wingerdstok ingeplant is. Broers, susters en kinders, ons is in Christus ingeplant toe die Heilige Gees ons met die ware geloof in

Christus ingelyf het en ons al sy weldade aangeneem het. Die Heilige Gees het ons een maal in Christus ingelyf.

Nou weet ons mos hoe werk verhoudings tussen mense. Eers ken mense mekaar net. Maar hoe meer hulle met mekaar te doen het, hoe hegter word die verhouding. Naderhand is die verhouding so heg dat die een vir die ander een kan sê: Jy het in my hart ingekruip. Dit is immers wat die Heilige Gees ook deur die nagmaal gedoen het. Hy het ons nog meer met die geseënde liggaam van Christus verenig. Na hierdie nagmaal is ons nog meer verseker dat Christus in ons is en ons in Hom. Soos Paulus aan die Efesiërs skryf: **uit Hom groei die hele liggaam.** Dus groei elke ledemaat, elke lidmaat van die Here, uit Christus uit. En ons kan alleen uit Hom groei as ons in Hom ingelyf is.

Tydens die nagmaal het Christus self my en jou siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed vir die ewige lewe gevoed en verkwik so seker as wat ons die brood en die beker van die Here as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet het. En die Heilige Gees het ons verseker dat dit werklik so is. Ons het Christus dus regtig deur die geloof in ons ontvang omdat die Heilige Gees ons in Hom ingelyf het. Met ’n gelowige hart het ons dus die hele lyding en sterwe aangeneem en daardeur vergewing van sondes verkry.

Geliefde broer, suster en kind, omdat ons in Christus ingelyf is en ons Hom deur die geloof in ons ontvang het, gee Jesus die volgende opdrag: **Julle moet in My bly en Ek in julle**. Christus het Homself so intiem, persoonlik aan elkeen van ons verbind soos wat die brood en wyn deel van ons liggaam geword het aan die tafel. Net so moet ons nou intiem, persoonlik in Hom bly.

Hoe kry ons dit reg? Slegs deur die volgehoue werk van die Heilige Gees en deur die Woord kan ons in Christus bly. Die Heilige Gees het ons mos in Christus ingelyf. Met die nagmaal het Hy ons nog meer met Christus verenig. En die Heilige Gees het ons ook daarvan verseker. Ons bly in Christus wanneer ons sy Woord in ons vashou en koester en ons lewens daarvolgens inrig. Jesus sê dit so: **As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly.** Ons sal dus in ’n intieme verhouding met Hom leef wanneer ons sy opdragte uitvoer. Ons gehoorsaamheid aan die Here se Woord is dan vir onsself en vir ander mense die sigbare bewys dat ons in Christus bly. En hierdie gehoorsaamheid van ons is die vrugte wat die Here wil hê ons moet dra tot verheerliking van die Vader.

Jesus motiveer die opdrag om in Hom te bly met die volgende vergelyking:

’n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

Die beeld wat Jesus gebruik, is selfs vir ’n kind verstaanbaar. ’n Loot wat van die wingerdstok afgesny is en eenkant gehou word, sal onmoontlik vrugte kan dra. Daardie loot kry nie die noodsaaklike lewensappe uit die wingerdstok nie.

As ons nie in Christus bly nie, sal ons ook nie kan vrugte dra nie. Wie nie in Christus is nie, is los van die sy Lewensbron, want ons kry deel aan die kragtige werk van die Heilige Gees net wanneer ons in Christus is. Die Heilige Gees werk nie onafhanklik

van Christus nie. Jesus sê dit self later in hierdie afskeidspreek van Hom (Joh 16:13). En die hartseer nagevolg van iemand wat nie in Christus bly nie, geliefdes, is dat hy en sy ook nie die Vader kan verheerlik nie, want hy en sy het nie die vrugte om dit te kan doen nie. Net soos wat dit onmoontlik is vir ’n loot om vrugte te dra wanneer dit nie in die wingerdstok is nie, net so is dit vir ons onmoontlik om vrugte te dra as ons nie in Christus bly nie.

Dus, iemand wat nie in Christus bly nie, sal mettertyd wegkwyn. Daar is geen manier dat ’n mens sonder Christus kan vrugte dra nie. As jy nie in Christus is nie, het jy nie deel aan die Heilige Gees nie, en word die Woord van die Here ook maar net woorde op papier – onverstaanbaar en onuitvoerbaar.

Broers, susters en kinders, dit gebeur ongelukkig ook dat daar lote uit ’n wingerdstok rank, pragtig vol blare, maar daar is nie een enkele vrug aan daardie loot nie. So ’n loot is nutteloos. Hy suip hom net dik aan die kosbare lewensap uit die wingerdstok maar wys niks daarvoor nie. So sê Jesus is daar ook soms mense in Hom wat net nooit vrugte dra nie. En oor hulle sê Hy:

Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy (my Vader) **af.**

As ’n mens hierdie mens van buite bekyk, lyk hy heel fatsoenlik. Dit lyk of hy tog tussen die ware gelowiges hoort. Jesus noem sulke mense huigelaars. Dit is mense wat voorgee of toneelspeel. Hulle is maar net speel-speel Christene. Van buite lyk hulle soos kinders van die Here, maar hulle was nooit werklik in Christus ingelyf nie en kon daarom ook nie sy weldade aanneem nie.

Miskien het Jesus juis vir Judas die verraaier hier in gedagte gehad. Die ander elf dissipels kon totdat hy vir Jesus verraai het, nie raaksien dat Judas eintlik nie in Christus was nie. Dit was eers toe die verleiding van ’n groot som geld vir hom gewink het dat hy ontbloot is as dooie loot. Die Vader neem sulke lote mettertyd self van Christus af weg. Die Here sny hulle uit sy kerk uit, want hulle is net tot sy oneer daar. Hulle wil teer op die liefde en genade van die Here, maar hulle wil niks doen om eer en dank aan die Here toe te bring nie.

Geliefdes, dit beteken egter nie dat die ander lote wat werklik in Christus ingelyf is en al sy weldade aanneem, volmaak is nie. Allermins! Ons wat in Christus is en weer deur die Heilige Gees tydens die nagmaal daarvan verseker is, het nog baie gebreke. Ons het dit by die nagmaal ook bely. Ons het nog gebrek aan geloof, gebrek aan ywer in God se diens, gebrek aan liefde vir God en ons naaste. En daardie dinge in en aan die lote wat verhinder dat hulle vrugte inderdaad mooi en goed is, sal deur die Vader uitgesny word. Daarom sê Jesus vir sy getroue volgelinge:

Elkeen wat vrugte dra, snoei die Vader reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra.

Met die Heilige Gees en met die Woord snoei God aan ons. Partymaal sny Hy baie dieper in ons in as wat ons sou wou gehad het. Maar die troos is dat Hy ons nie afsny nie. Hy sny net die kwaad uit ons uit sodat ons nog meer en mooier vrugte kan dra toe sy eer.

Geliefdes, ons het die voorreg om deur die ware geloof in Christus ingelyf te wees en aan al sy weldade deel te hê. Ons het die Heilige Gees in ons wat tegelykertyd ook

Christus is. Tydens vanoggend se nagmaal het die geheimenis weer met ons gebeur. Die Heilige Gees het ons nog meer met Christus se geseënde liggaam verenig. Kom ons bly in Christus. Kom ons spoor mekaar in liefde aan om in Christus te bly. Ons lewe immers nie vir onsself nie, maar vir God. Alleenlik wanneer ons in Christus bly, kan ons baie vrugte dra en God so verheerlik. Ons het immers die Heilige Gees wat ons leer en lei om die opdragte van Christus uit te voer. Sodoende sal ons nie wil vergeet dat ons nagmaal gevier het nie, maar sal ons eerder met verlange uitsien na die volgende nagmaal totdat ons uiteindelik saam met al die uitverkorenes aan die bruilofstafel van die Lam kan wees.

Amen!

Gebed

Psalm 65:3, 4 (p. 315)

3 Ons al ons in u huis versadig / met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig / laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade: / gedug is U in mag
Ons prys die blyk van u genade; / die vyand toon ontsag.

4 U is tot in die verste lande, / oor velde grenseloos,
tot by die allerverste strande / die mens se hoop en troos.
Die berge 't U van oue tye / gegrondves deur u mag;
U is omring van alle sye / met wonderbare krag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Augustus 2011